

14 Februarie

Skrifgedeelte: Rigters 3-6
Fokusgedeelte: Rigters 3:31-4:1

Gryp ons Verlosser met geloofsarms vas

Ehud moes 'n merkwaardige rigter gewees het. Kan jy jou daardie geveg voorstel waarin hy 600 Filistyne doodgemaak het en so die Here se volk verlos het van hulle onderdrukking?

Hoe indrukwekkend ook al, kom nóg Ehud nóg enige van die ander rigters se verlossingswerk naby dié van Jesus. Die rigters kon Israel keer op keer verlos van die gevolge van hulle sonde. Nie een van hulle kon egter enigiets doen aan die bron van die sonde nie (vgl. 4:1). Daarom eindig die boek ook, na al die beskrywings van aangrypende heldedade, met die volgende woorde: “In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie, en elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë” (Rigt 21:25).

Anders gestel: Elkeen was sy eie god! Dit is wat fout was. Dis wat nog steeds met ons fout is. Die eintlike verlossing wat Israel nodig gehad het en ons nodig het, is nie in die eerste plek 'n verlossing van die vyande rondom ons nie. Nee, ons kort nuwe harte. Iets wat geen menslike rigter, of menslike koning, of menslike profeet of priester kon gee nie.

Om ons so te verlos, moes dié Rigter/Koning, Profeet en Priester kom! Ja, Jesus wil en kan en sal ook as my Rigter verlossing van die gevolge van my sonde bring. Maar Hy wil veral die finale offer vir my sonde wees, as my Priester. Hy wil ook God se waarheid in my hart inpraat deur sy Woord en Gees as my Profeet, en Hy wil oor my lewe regeer as my Koning. So wil hy my hart se natuurlike lojaliteit aan homself finaal vernietig. Hy wil my weer die LEWE gee, die vreugde, die vrede, die sin en lewensrigting van 'n lewe wat totaal en al op Hom gerig is!

Is dit die verlossing waarna jy soek? Of soek jy net verlossing van die gevolge van jou sonde? Soek jy net die lekker gevoel van 'n skoon gewete? Soek jy net 'n goeie voorbeeld, omdat jy nog steeds reken dat jou hart eintlik goed is? Soek jy net 'n kwaai Koning wat bietjie die slegte mense rondom jou kan vasvat?

Nee, kom ons kyk eerlik na ons eie harte en sien weer ons begeerte om god te wees in ons eie lewe raak en gryp Hom met geloofsarms vas as ons enigste Verlosser. Kom ons soek na sy volkome verlossing, sodat Hy ons harte kan verander en ons in staat stel om die vreugde en vrede van gehoorsaamheid aan Hom te beleef.

Sing: Psalm 116:1-5

Ds TF Dreyer (Randburg)